# ALMA NUUSBRIEF

BID EN WERK
PRAY AND WORK
RAPELA O SOME

## SOP EN SJERRIE
## 29 JUNIE 2015

ALMA SKOOL
NPO 001-427

Nuusbrief No. 9
25 Junie 2015

## Gaabo Motho Tenors en Joseph Clark



Baie dankie aan almal wat die Sop & Sjerrie aand bygewoon het op Vrydag, 19 Junie 2015. Ons sê ook dankie aan ons gasvrouens vir u welwillendheid en liefde. Almal het die spoggerige aand baie geniet en ons gaskunstenaars het fantastiese vertonings gelewer. **Nogmaals baie dankie!!**



Ons Skool se koor en slagorkes het 'n besige kort wekie gehad na die langnaweek. Die slagorkes het by NG Kerk Florandia opgetree, waar die kerk se bejaardes 'n byeenkoms gehad het en 'n bedrag geld aan Alma Skool oorhandig het. Die orkes is soos konings en koninginne onthaal. Beide die koor en slagorkers het Vrydagaand by die Sop en Sjerrie aand opgetree. Die gehoor het ons kinders se optrede baie geniet. Baie dankie aan al die ouers wat spesiaal moes ry om die kinders weer na die vertoning te kom oplaai!!



## GASVRYHEIDSTUDIEKLAS - GROEP 20
## UITSTAPPIE NA *MORNING STAR HOTEL*

Die kinders is baie bederf met 'n heerlike volledige buffet ete. Daarna is hulle deur die hotel se twee kombuise geneem waar die Hoofkok van elke kombuis aan hulle vertel het wat daar gebeur.



By ontvangs is hulle ingelig oor hoe besprekings gemaak word en hoe weet hulle hoeveel plek beskikbaar is. Heel laaste is hulle na die kamers geneem waar hulle gewys is hoe om die beddens op te maak en die toiletware daagliks te vervang.

## LEDE VAN DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | - | Mlandu Mnguni |
| Ondervoorsitter | - | Bernadine Benson |
| Finansies | - | Ben Greyling |
| Sekretaresse | - | Luzanie Kritzinger |
| Hoof | - | Zirke Bondesio |
| Kurrikulum | - | Etienne Bruwer |
| Fondsinsameling | - | Henk Niemand |
| Skool Infrastruktuur | - | Johan Ferreira |
| Onderwyspersoneel ondersteuning | - | Pietman Swanepoel |
| Veiligheid en Sekuriteit | - | Riaan Joubert |
| Nie onderwyspersoneel ondersteuning | - | Samson Mokoena |

# BEELD KINDERFONDS

Die kaartjies kos vanjaar R30

Pryse:

1. 1 x Peugeot 208 ACCESS 1.2 VTi petrol/manual 5-deur
2. World Leisure Holidays: 5 dae by Ambre Oord in Mauritius, vlugte, etes en drankies ingesluit.
3. Badplaas, a Forever Resort: naweek vir 6 persone, bed & ontbyt, masserings, wildrit ingesluit;
4. 'n Luukse skeepsreis in 'n balkonkajuit met MSC Cruises na Mosambiek / eilande vir 4 nagte, 2 persone;
5. 2 x R5000 kontant / cash

Kontak asb vir Mnr. Pietman Swanepoel indien u belangstel om 'n boekie te verkoop.



## SOKKER en NETBAL TOERNOOI

Die semi-finaal en finaal van die Sokker Toernooi was gespeel op Woensdag, 10 Junie. Die seuns het 'n tawwe wedstryd gehad maar dit was Unica Skool wat met die trofee weggestap - **BAIE GELUK !!**



Ons Alma Netbalspan het as wenners uitgetree in die finaal. **BAIE GELUK MEISIES !!**

# Casual Day

## Spring into action

### for persons with disabilities

Tyd het gevlieg en met die koue wat aan ons deur klop, kan ons moeilik glo dat Lente net om die draai is! En hierdie jaar het ons beslis iets om na uit te sien... want in 2015 hou ons *Loslit innie Lente*!



Duisende mense en organisasies landswyd het hand bygesit in 2014 om meer as R28 miljoen in te samel en ons is opreg trots op Alma Skool se ouers, familie en vriende wat entoesiasties saamgewerk het - julle het Alma Skool gehelp om meer as 28 000 plakkers te verkoop!

**BAIE BAIE DANKIE!**

Kom ons maak weer so hierdie jaar en mik vir 30 000 plakkers!

Laat weet ons asb indien u bereid is om vir ons plakkers te verkoop aan u kollegas, familie en vriende!

Andria (012) 335 0252 / marketing@almaschool.co.za

**Ons wag vir u oproep!**

21 Casual Day – For persons with disabilities

Prepared and issued by The Casual Day Team - April 2015

www.facebook.com/CasualDaySA www.casualday.co.za 011 609 7006

**Baie Geluk**

## PERSONEELVERJAARSDAE:

Jane Steyn - 24 Junie
Eva Mtshwene - 25 Junie
Rentia van Rensburg - 6 Julie
Annatjie Havemann - 6 Julie
Ansie Mocke - 15 Julie
Charmaine Kruger - 16 Julie
Talita Kaufmann - 17 Julie
Tryphina Ngobeni - 19 Julie
Desh Packary - 27 Julie

Onthou asb. om u kaarte te gebruik!

Alma Skool trek voordeel uit elkeen van u transaksies met hierdie kaarte.

**Indien u nog nie 'n kaart het wat aan Alma Skool gekoppel is nie, kan u gerus 'n aansoekvorm by die kantoor laat afhaal.**

## SKOOLHEMPIES GEVRA!

Indien u kind se skoolhempie te klein is, oorweeg dit asb om die hempie aan die KLEREBANK te skenk. Stuur dit asb direk skoolkantoor toe. Die hempie moet asseblief net nie stukkend wees nie - dit maak nie regtig saak as die kleur so bietjie uitgewas is nie.

BAIE, BAIE DANKIE VIR U HULP!

## VERHURING VAN GEBOUE EN TERREIN

Die volgende areas is beskikbaar vir verhuring:

- Die skoolsaal en kombuis
- Piekniekterrein en kombuis
- Lapa (Teetuin) en kombuis
- Junior Speelgrond vir kinderpartytjies

Kontak die kantoor gerus vir kostes, verdere inligting en besprekings by (012) 335 0252.

## GRONDSLAGFASE SE UITSTAPPIE NA DIE WIT HUIS RESTAURANT

Die Grondslagfase 2 (Groep 6-10), het Die Wit Huis Restaurant besoek op 23 en 24 Junie. Daar is almal heerlik bederf met 'n mandjie met skyfies, hoenderrepies en 'n worsie. Leerders het tussendeur gespeel op die springkasteel, in die sandput en op die klimrame. Nadat almal heerlik aan 'n roomys gesmul het, was dit tyd om weer te vertrek terug skooltoe.



## KONFERENSIE IN GEORGE

Mnr Pietman Swanepoel en Juf. Debbie Visagie het 'n konferensie van Senabo en die Departement van Onderwys gaan bywoon in George. Dit het gegaan oor Leerprogramme vir leerlinge met spesiale behoeftes. Dié twee het baie geleer en is baie dankbaar dat hulle dit kon bywoon.

## SKOOLVAKANSIE:

Die skool sluit 26 Junie 2015 en heropen weer op 20 Julie 2015. Geniet die vakansie en rus lekker!!